

1. SAMESTELLING

1.1 Hierdie taakspan/steunspan is na die sinode van 2011 as kontinuering van ATLAS (Algemene Sinode Taakspan vir Leer en Aktuele Sake) saamgestel uit die tien sinodes van die NG Kerkverband. Die lede is aangewys deur die onderskeie sinodes, plus Ben du Toit as sameroeper en skriba van die taakspan. Hy het dit behartig as deel van sy verpligtinge teenoor die Algemene Sinode as 'n 50% PSD-pos in ooreenkoms met die Sinode Wes- en Suid-Kaapland. Dit taakspan is met hierdie aangewese persone na die Sinode van 2013 gekontinueer.

1.2 **Taakspanlede** soos deur die sinodes aangewys, was:

Andries Kritzinger (Wes-Transvaal)
Auke Compaan (Oostelike Sinode)
Jan Woest (Namibië Sinode)
Danie Malan (Hoëveld Sinode)
Dawie Oosthuysen (KwaZulu-Natal Sinode)
Fanie Cronje (Noordelike Sinode)
Piet Otto (Noord-Kaapland Sinode)
Heerden van Niekerk (Wes- en Suid-Kaapland Sinode)
Jan Cloete (Oos-Kaapland Sinode)
Riaan van Zyl (Vrystaat Sinode)
Ben du Toit (Algemene Sinode – sameroeper)

1.3 Jan Lubbe van die Vrystaat was aanvanklik, saam met Andries Kritzinger, Fanie Cronjé en Danie Malan (plus Ben du Toit as sameroeper) na die Algemene Sinode van 2011 deur die Moderamen as 'n kleiner taakspan aangewys (wat later op versoek van die taakspan uitgebrei is na sinodale verteenwoordiging), maar hy (Jan) het uit die taakspan bedank na sy verkiesing as moderator van die Vrystaat se sinode. Intussen is Riaan van Zyl as verteenwoordiger van daardie sinode benoem.

1.4 **Dagbestuur** van ATLAS:

Die volgende lede is verkies/aangewys as dagbestuur van ATLAS:

Heerden van Niekerk (voorsitter)
Danie Malan (ondervoorsitter)
Ben du Toit (skriba)

2. OPDRAGTE VAN ALGEMENE SINODE 2013

2.1 GEREFORMEERDE HERMENEUTIEK

1. *In die lig van al die onderwerpe wat gedien het by Leerstellige- en Aktuele Sake by die Algemene Sinode van 2013 is die behoefte baie duidelik identifiseer aan 'n indringende gereformeerde hermeneutiek wat verantwoordbaar en prakties toepaslik is.*

2. *In die lig van ons luisterproses besluit die Algemene Sinode dat die Algemene Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake bruikbare materiaal (Bybelstudiemateriaal) uitbring met praktiese voorbeelde aangaande die lees, verstaan en vertolking van Skrif en belydenisskrifte ten opsigte van leer- en etiese sake.*

3. *Die bestaande besluite van die kerk oor Skrifgesag en Skrifgebruik en vertolking van belydenisskrifte moet daarin gereflekteer word.*

4. *Dit moet aan elke sinode beskikbaar gestel word vir bespreking en gesprekvoering. Hierin is ons ook verbind aan die waardes van die Seisoen van Menswaardigheid.*

2.2. BEDIENING VAN BEVRYDING

Die Algemene Sinode verwys B.10 (Bediening van Bevryding: Vryheid-Wes) na die Algemene Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake vir hantering.

2.3. ABORSIE

1. Die Moderamen het, omdat die vorige sinode (2011) nie weer 'n ATLAS daargestel het nie, hierdie opdrag laat oorstaan in die verwagting dat die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland in hulle besinning oor menswaardigheid ook aan die aspek sou aandag gee. Dit kon nie gebeur nie.

2. Hierdie opdrag verdien steeds aandag en moet kontinueer word:

Die Algemene Sinode (2013) verwys die opdrag van 2011 oor aborsie na die ATLAS vir aandag.

2.4 WETENSKAP EN TEOLOGIE (GELOOF)

1. *Die Algemene Sinode (2013) besluit om die dokument oor geloof en die wetenskap (afsonderlike publikasie voor die vergadering) as gespreksdokument binne die NG Kerk te ondersteun en moedig*

kerkrade en gemeentes aan om daarmee openhartige gesprek oor hierdie aktuele saak in hulle eie konteks te stimuleer.

2. Die Algemene Sinode sal enige kommentaar op hierdie dokument met die oog op 'n verbetering daarvan verwelkom. Kommentaar en voorstelle kan gestuur word aan die skriba van die Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake (kommunikasie@kaapkerk.co.za).

3. Die Algemene Sinode ondersteun die druk van 'n verbeterde weergawe (indien aanvaarbare wysigings ingedien word) en sal 'n versoek aan Bybel-Media in hierdie verband ondersteun met die oog op beskikbaarstelling aan gemeentes.

3. ANDER OPDRAGTE/PROJEKTE/STUDIESTUKKE

3.1 XENOFOBIE

3.1.1 Die versoek het via die Algemene Sekretaris gekom dat 'n standpundokument oor hierdie saak voorberei word. Kyk aangehegte **BYLAAG 1**.

3.1.2 BESLUIT: XENOFOBIE

Die Algemene Sinode spreek sy dank uit vir hierdie meningsdokument en beveel dit aan vir gebruik in sinodes en gemeentes – maar ook as belangrike openbare getuienis in ons samelewing en teenoor die regering/staat.

3.2 GENADEDODD:

3.2.1 In antisipasie van nuwe wetgewing (in Suid-Afrika) oor hierdie onderwerp, word tans gesprek gevoer met spesialiste in hierdie veld met die oog op kontinuïteit na die Algemene Sinode van hierdie opdrag vir die volgende ALTAS met die oog op 'n formulering van 'n Christelik-etiese bydrae tot konsepwetskrywing.

3.2.2 BESLUIT: GENADEDODD

Die Algemene Sinode spreek sy dank uit vir hierdie inisiatief en ondersteun die kontinuering van hierdie studie.

3.3 DOOP EN DOOPVIERING

3.3.1 Die Algemene Sinode van 2011 het onder meer soos volg besluit:

1. Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.

2. Die Algemene Sinode vra daarom kerkrade en predikante om die gereformeerde verstaan van die Verbondsdoop met oortuiging en deernis te verduidelik en te bevestig, ook aan lidmate wat ander oortuigings oor die doop huldig.

3.3.2 Vanuit hierdie opdrag het volgende ontwikkelinge gekom:

1. Die vertaling van die ekumeniese dokument *Baptism Eucharist and Ministry* (BEM) in Afrikaans (beskikbaar by www.kaapkerk.co.za onder Toerusting en kies dan STLAS) is direk elektronies verkrygbaar by <http://www.kaapkerk.co.za/wp/index.php/wat-doen-ons/toerusting/leer-en-aktuele-sake/>

2. Die maak van 'n reeks DVD's wat die vyf temas van BEM aanbied in die formaat van bepaalde metafore (skakel by STLAS op webblad www.kaapkerk.co.za).

3. Die begeleidende publikasie (*Ontvang wat vir jou gegee is*) deur Tinus van Zyl wat ook as hulpmiddel saam met die DVD gebruik kan word.

4. Die meer uitgebreide publikasie deur Coenie Burger en Andries Cilliers (gelykluidende titel: *Ontvang wat vir jou gegee is*) wat die BEM dokument verder toelig, maar ook meer uitbrei oor die doop aan kinders en ander temas. (Punte 2–4 is alles as 'n pakket te kry by Communitas of Bybel-Media).

3.3.3 Intussen het daar voor die Algemene Sinode van 2013 twee dokumente verskyn wat aanbeveel word vir gebruik in gemeentes oor doopviering en samehang van sakramente (Agenda Algemene Sinode 2013 bl 93–119).

3.3.4 BESLUIT: DOOP EN DOOPVIERING

Die Algemene Sinode neem kennis van die ontwikkelinge oor die doop soos hierbo uiteengesit en, in herbevestiging van sy besluite van 2013 oor die sakramente, versoek die Sinode gemeentes om hierdie gesprek te kontinueer, ook aan die hand van die twee genoemde dokumente in die Agenda van die Algemene Sinode van 2013 (bl 93–119) oor doopviering en die samehang van sakramente.

3.4 APOSTOLICUM:

3.4.1 Hierdie projek is deur 'n gesamentlike taakspan uit die NG Kerkfamilie se dogmatici oor 'n tydperk van ses jaar voltooi. Dit het voor die vorige sinode gedien vir bespreking en aanbeveling. Dit is verwys na sinodes vir kommentaar. Intussen is 'n Engelse weergawe ook voltooi en is beskikbaar met die oog op teologiese opleiding en vir gebruik in ekumeniese verband. Van drie sinodes is kommentaar hieroor ontvang wat gewissel het van baie positief (Hoëveld) tot minder positief (Vrystaat).

3.4.2 BESLUITE: APOSTOLICUM

3.4.2.1 Die Algemene Sinode herbevestig sy vorige besluit om hierdie eietydse uitleg van die Apostoliese Geloofsbelijdenis as kontoer-dokument te aanvaar wat as riglyn vir gesprek in die Kerk oor ons eietydse geloof kan geld.

3.4.2.2 Die Algemene Sinode neem kennis daarvan dat daar ook 'n verskil van mening is (verwys na Vrystaat in besonder) oor hierdie dokument en versoek ATLAS om in gesprek te bly, asook beskikbaar te wees, vir verdere gesprek met diegene met besware.

3.4.2.3 Die Algemene Sinode versoek Sinodes om die dokument in behandeling te neem by hulle volgende Sinodes en daarvoor in diepte te besin, aangesien dit die hart van ons geloof raak vir vandag. Reaksie en kommentaar is steeds welkom en kan aan ATLAS (adres van Algemene Sekretaris) gerig word.

3.4.2.4 Die Algemene Sinode neem met dankbaarheid kennis van die Engelse weergawe van die Apostolicum en vertrou dat beide weergawes deur BM beskikbaar gestel sal word.

3.4.2.5 Die Algemene Sinode neem ook met dank kennis van die publikasie "Om nuut te glo (en leef) op een lyn met die geloof van eeue". Dit is die sewe-week saamreis-gids oor die Apostolicum wat by BM verskyn het en op lidmate gerig is.

3.5 HOMOSEKSUALITEIT

3.5.1 Die Taakspan vir Menswaardigheid is gevra om ATLAS te ken in 'n formulering oor hierdie saak. ATLAS het toe die volgende as bydrae (suggestie) tot hierdie gesprek aan hierdie taakspan op hulle navraag gemaak:

ATLAS versoek die Taakspan oor Homoseksualiteit om die volgende punte uit die 2007-AS-besluit in ag te neem met die formulering van 'n standpunt hieroor:

- 1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor etiese sake, soos homoseksualiteit, soek ons eerlik na maniere om die Christelike norme betekenisvol binne die konteks te interpreteer.*
- 2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.*
- 3. Alle mense, ongeag hulle geslag, ras, kultuur, sosiale stand, seksuele oriëntasie, of enige moontlike kategorie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.*
- 4. Die Algemene Sinode herbevestig dat, volgens die Christelike tradisie se verstaan van die Bybelse gegewens, die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou word.*
- 5. Ons wens die Taakspan van die AS sterkte, wysheid en insig toe met hulle verdere opdrag om na te dink oor die status van selfdegeslagverhoudinge.*

3.6 GRAVAMEN OOR BELYDENISSKRIFTE

3.6.1 ATLAS het kennis geneem van die gravamen van dr Rocco Hough.

3.6.2 BESLUIT: GRAVAMEN BELYDENISSKRIFTE

3.6.2.1 Die Algemene Sinode versoek die Tydelike Taakspan vir Leerstellige en Aktuele Sake om die Sinode ter sitting te bedien met aanbevelings en voorstelle in hierdie verband.

3.6.2.2 Die Algemene Sinode beveel by die taakspan aan om in ooreenstemming met die voorstelle van ATLAS oor die hermeneutiek van tekste, leiding te gee oor die herskryf/verbetering, sowel as die status, van historiese dokumente.

4. UITVOERING VAN OPDRAGTE:

4.1 GEREFORMEERDE HERMENEUTIEK/BEDIENING VAN BEVRYDING/GELOOF EN WETENSKAP

4.1.1 In 'n reeks van verskeie vergaderings deur ATLAS is besluit om hierdie drie opdragte (kyk punt 2.1; 2.2; 2.4 hierbo) in een projek aan die Algemene Sinode aan te bied. Dit was 'n logiese

voervloeiing uit die aard van hierdie opdragte omdat ons verstaan van ons Christelike geloof en die moderne wetenskap direk te doen het met die hermeneutiek, die lees, hantering en uitleg van tekste – ook van die Belydenisskrifte – asook ons beskouing oor die gesag van die Bybel.

4.1.2 Die taakspan het ook besef dat daar 'n behoefte kan wees om die konteks waarbinne ons in ons huidige tydsgewrig hierdie gesprek voer, te karteer met die doel om 'n **kontekstuele oriëntering vir die gesprek** oor ons Christelike geloof en die wetenskap daar te stel. 'n Dokument om in hierdie behoefte te voorsien, word afsonderlik as **BYLAAG 2** aangeheg. Hierdie dokument kan afsonderlik funksioneer (die een oor ons geloof en die wetenskap is juis bedoel as 'n praktiese hulpmiddel met vrae vir groepsbespreking), maar hierdie oriëntering mag dalk belangrik wees om die onderwerp van geloof en wetenskap beter te benut en te beoordeel.

4.1.3 In die taakspan se aanbod aan die sinode stel ons graag die volgende:

4.1.3.1 Die dokument (**BYLAAG 3**) is bedoel om die NG Kerk se perspektief op die verhouding tussen ons Christelike geloof en die wetenskap te verwoord. Terwyl dit poog om 'n eenvoudige en praktiese werksdokument te wees, stel dit ook kollegas en gemeentes voor aan jare se besluite van die Algemene Sinode ten opsigte van hermeneutiek, Skrifgebruik en Skrifgesag.

4.1.3.2 As sodanig is dit nie 'n apologie nie, maar wil dit die noodsaaklikheid van 'n ondersoekende hermeneutiese bewussyn herken, terwyl die eiesoortige aard van Skrif en kerklike belydenisse erken word. Die kerk bely dat die Skrif 'n dimensie (Goddelike kant/verligting van die Gees) het wat buite die sfeer van die moderne, Westerse empiriese wetenskap lê. Beide kerk en wetenskap behoort dit te erken en te honoreer.

4.1.3.3 Juis omrede ons as kerk laasgenoemde ernstig neem, het ons eerder te min as te veel gesê. Op die manier poog ons ook om eerder inklusief as eksklusief in ons formulering te wees. Sodoende, meen ons, laat ons ruimte ten opsigte van die verskeidenheid van perspektiewe binne die NG Kerk.

4.1.3.4 Die dokument is bedoel as gespreksdokument en nie 'n "finale" besluit/mening/uitspraak van die Algemene Sinode nie. Van kollegas en gemeentes word verwag om daarmee te werk en ook terugvoer aan die Algemene Sinode te gee met oog op moontlike verbeterings.

4.1.3.5 Ons besef terdeë dat daar kollegas is wat die verhouding geloof en wetenskap en die vraag na 'n verantwoordelike hermeneutiek anders sou benader en/of wou verwoord, maar ons vertrou dat die dokument intussen ten minste vir sommige van waarde en seën sal wees.

4.1.4 BESLUIT: GEREFORMEERDE HERMENEUTIEK/ BEDIENING VAN BEVRYDING/ GELOOF EN WETENSKAP

4.1.4.1 Die Algemene Sinode neem die dokument (**Ons Christelike Geloof en die Wetenskap**) **BYLAAG 3** ter tafel.

4.1.4.2 Die Algemene Sinode moedig sinodes, ringe en gemeentes aan om hierdie dokument prakties aan te wend in gesprek met lidmate.

4.1.4.3 Die Algemene Sinode ondersteun die inisiatief van **ALTAS** in die volgende jare om in samewerking met die onderskeie sinodes, geleenthede met predikante van daardie sinodes te skep, om na aanleiding van hierdie hermeneutiese benadering onderskeidend tekste te lees.

4.1.4.4 Die Algemene Sinode aanvaar dat daar diegene is wat nie saamstem met hierdie hermeneutiese benadering nie en nooi juis daarom almal, van watter oortuiging ook, om hierdie inisiatief te ondersteun en hulle benaderings met mekaar te toets.

4.1.4.5 Die Algemene Sinode versoek sinodes om hierdie inisiatief prakties te ondersteun met die nodige finansiële en logistiese hulp.

4.2 VRYHEID-WES

4.2.1 Die suggestie is gemaak dat die vorige besluit van die sinode (asook moontlik hierdie verslag) nie die beskrywingspunt van Vryheid-Wes in alle opsigte hanteer het nie.

Die volledige besluit van die Sinode van 2013 is soos volg:

1. Die AS aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is lidmate wat die persoonlike aard van die duivel en demone aanvaar, en daar is lidmate wat die nie-persoonlike aard van die duivel en demone aanvaar. Albei standpunte erken die realiteit van die bose.

2. Die Algemene Sinode neem die besware wat oor hierdie saak handel (punt 7 van die besluit oor die Bediening van Bevryding) baie ernstig op en verseker lidmate en gemeentes dat die Sinode hierdie saak op geen manier wil ontduik nie.

3. Die Sinode oordeel dat die bewering in die beskrywingspunt van Vryheid-Wes nie reg is dat daar in die besluite van die Sinode afgewyk word van ons Gereformeerde geloof in die krag van God se Woord wat mense bevry nie. Die standpunt van die Sinode propageer nie allerlei slagspreuke of formules vir bevryding nie.

4.2.2 ATLAS beveel aan dat die Sinode sy besluit soos hierbo aangedui sal handhaaf. ATLAS verwys die kerkraad van Vryheid-Wes ook na die gespreksdokument *Ons Christelike Geloof en die Wetenskap* (**BYLAAG 3**) waarin die kommissie 'n histories-, literêre- en sakramentele verstaan van die teks van die Bybel asook die Belydenisskrifte aanbied. Ook 'n meer konvensioneel-dogmatiese lees van Artikel 12 word aan die einde aangebied (**BYLAAG 4**), alhoewel dit nie die styl en inhoud van ATLAS se dokument oor die hermeneutiek reflekteer nie. In beide lesings word egter die teologiese bedoeling van die NGB, naamlik dat God as Skepper en Onderhouer oppergesag het oor die bese, bely en gehandhaaf. Die gemeente van Vryheid-Wes word uitgenooi om die dokumente te bestudeer en deel te word van die kreatiewe gesprek wat tans in die NG Kerk aan die gang is.

4.3 ABORSIE

4.3.1 Opdrag 2011: "In die lig van die toenemende aantal tienerswangerskappe en groot getal aborsies wat jaarliks in SA plaasvind, gee die AS opdrag aan ATLAS om 'n ondersoek te doen oor die hele aangeleentheid."

4.3.2 ATLAS rapporteer tans soos volg:

a. Die aangeleentheid van aborsie in SA is 'n uiters belangrike en sensitiewe saak wat in die lig van die jongste ontwikkelinge soos onder meer die aanvaarding en toepassing van die jongste wette daarvoor indringende en omvattende aandag van die kerk vra.

b. Die NG Kerk het in 1982 die volgende beginselstandpunt ingeneem mbt tot aborsie: "Die Sinode bevind in die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, dat aborsie ontoelaatbaar is. In die hoogs uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid, bly dit nog steeds 'n saak wat nie volgens God se geopenbaarde wil is nie en daarom slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar kan word."

c. 33 jaar het verloop sedert hierdie standpuntinname. Die praktyke waarna in die opdrag verwys word, die nuwe wetgewing in SA en die voortgaande etiese gesprek aangaande aborsie het verskeie wendinge en ontwikkelinge ondergaan wat dit vir die kerk belangrik maak om opnuut bestek op te neem en haar posisie te definieer.

d. As gevolg van beperkte tyd, ander opdragte, tekort aan kapasiteit en die oorweldigende omvang van resente relevante literatuur en gegewens oor aborsie, het die ATLAS 'n kleiner taakspan uit hulle geleedere aangewys om die ondersoek oor die aangeleentheid te doen.

e. Die aangewese taakspan het begin om literatuur te bestudeer en gegewens in te samel, maar is tans nog nie gereed om 'n verslag met aanbevelings na die sinode te bring nie. Derhalwe gee ATLAS kennis dat hulle voortgaan om die opdrag te hanteer en vertrou dat hulle 'n voorlegging aan die AS van 2017 sal maak.

4.3.3 BESLUIT: ABORSIE

Tot tyd en wyl hierdie saak voor die volgende Algemene Sinode dien, beveel ATLAS aan dat die Algemene Sinode die beginselstandpunt van 1982 (sien b hierbo) weer herbevestig en aan gemeentes kommunikeer om in die lig daarvan gemeentede in te lig en te begelei.